

# DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## WINTER

'n Tyd van rus. Die natuur begin stadig stilstaan. Groei word tot 'n minimum beperk. Die bome verloor hul blare. Die jaarlikse ryp knou die laaste groeipogings. Sommige diere verhuis na warmer plekke of maak van die geleentheid gebruik om 'n lang winterslaap te neem. Die dae word korter en die nagte langer. Die mens self begin tekens van stagnasie toon. Buitemuurse-aktiwiteite word ingeperk. Die bed word vroeër benut in die aande en met moeite word die liggaam in die koue oggendure uit die bed gesleur. Beslis nie die gewildste tydperk van die jaar vir die meeste van ons nie. Tog is dit wel nodig om alles rus te gee en weer ruimte te maak vir nuwe lewe in die natuur.

Maar oorwinter ons geloof ook? Ervaar ons tye van die jaar waar geloofsaktiwiteite geneig is om te stagneer? Waar die wêreldse koue ons geloofsaktiwiteite demp? Bybelstudie wat

verkort of ignoreer word? Gebede wat in skietgebede verander? Gemeentelike aktiwiteite wat ingekort word? Kom ons waak daarteen. Teen 'n seisoenale geloof. Maak seker ons bly die hele jaar aktief in ons geloofslewe.

Op 'n meer algemene noot wil ons die Olielampredaksie bedank vir hul ondersteuning. Die ondergetekendes het hul termyn voltooi en die leisels oorgegee aan Cora Visser. Ons het mooi tye saam beleef en die resultate was goed. Voorwaar 'n blad om op trots te wees. Cora sterkte met jou amp as hoofredakteur vir Maranata. God se seënbede toegewens. Ons beloop om aktiewe lede te bly.

Groete  
Hein & Margreet Smit

## INHOUD

<b>Uit die Woord</b>	<b>2</b>	<b>Sosiaal</b>	<b>11</b>
Die Eerste Gebod	2	Deur die Sleutelgat	11
Ware wysheid	3	Voetspoor	12
<b>Oppad</b>	<b>3</b>	VGK-jeug in Springs maak kennis	13
Eenvoudig die Here dien	3	Lewe van 'n Karibibber	13
Westminster Confession vervolg	4	<b>Boeke</b>	<b>14</b>
Musiek in die erediens	5	'n Stem in die wind - Francine Rivers	14
Geroeste yster of skerp swaard?	6	Die grafte jubel - Esta Steyn	14
Middeleeuse Filosofie (I)	8	<b>Nog iets...</b>	<b>15</b>
Behels student wees Dagga rook ?	9	Kongres	15
<b>Voel jy ook so?</b>	<b>10</b>	Sê jou sê...	15
Hoe gasvry is ons?	10	Gedig: Little Ship	16
Hoe skryf ek 'n artikel?	10	Verjaarsdae	16

## DIE EERSTE GEBOD

“Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie.”

Tineke de Vries

Waarom staan die eerste gebod eerste? Omdat dit so ‘n sentrale en beheersende posisie in die Tien Gebooie en in die godsdienstige lewe van ‘n Christen inneem, sodat dit inderdaad as die belangrikste gebod beskou kan word.

Dit is ook voor die hand liggend: as die eerste gebod wegval of verander word, verloor al die ander gebooie hul betekenis. As ons toegelaat word om ander gode te dien, het die verbod op die maak van beelde van God of die onderhouding van die rusdag tot sy eer geen

betekenis meer nie.

Vanweë ons sondige natuur is dit nie maklik om die eerste gebod na te kom nie, en bly dit elke dag weer ‘n stryd. Dit beteken dat ons die HERE alleen as God moet eer, en geen ander gode ook sal dien nie. Ons moet wegdraai van ons menslike arrogansie en trots en erken dat Hy die mag het oor alles wat ons is en hoop om te wees.

*“Ek is die Here jou God, jy sal voor My geen ander gode dien nie”.*

Hoekom nie? Want daar bestaan geen ander God nie. Daar is net een God en een Wet. Wat God van sy volk gevra het ‘n duisend jaar terug, geld ook vir ons vandag.

Baie min mense bedryf van dag nog afgodery soos in die Bybelse tyd. Maar wie dien hulle dan? Hulle dien hulself. Die meeste mense maak hul eie reëls, en die persoon wat die reëls vir jou lewe neerlê, is die een wat jy aanbid. Sommige “aanbid” geld, ander status, mooi liggaam, materiële geriewe, plesier, sport ens.

Hou jy jou aan God se Gebooie? Is Hy *jou* God? Kan dit gesien word in jou woonplek en in jou verhoudings met ander mense? Is Hy die Here jou God in jou werksomstandighede, of in jou professionele beroep? Beheer en reël Hy jou lewe of verander jy so af en toe die reëls om by jou lewe aan te pas?

Laat ons daaraan werk elke dag weer om van harte saam met Dawid te sê: *“Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U”* (Ps. 16:2).

Verwysings:  
Facing Life’s challenges – Frank Retief  
Die Tien Gebooie – Prof P J de Bruyn

### Redaksies:

#### Pretoria:

Redakteur: Rinus Kamphuis  
(kamphuisrk@hotmail.com)

Sekretaresse: Karina Smit

Penningmeester: Arjan van Houwelingen

Lede: Willemien Kleijn  
Wilma Lubbinge  
Anita Zielman

#### Maranata:

Redakteur: Cora Visser (jrvisser@global.co.za)

Penningmeester: Daniël van der Meulen

Sekretaresse: Marie Louise van den Bout

Lede: Cornelia Kerkhoff  
Frans Hagg  
Johan de Vente

#### Kaapstad:

Redaktrise: Lieneke Eefting (lieneke@xsinet.co.za)

Artikelversorging: Christine van der Linden  
Jaco Haak

Sekretaresse: Maartje Eefting

Finansies: Margreet Moes

#### Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)

Bethal: Arnoud van den Bout

#### Uitleg:

Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

# WARE WYSHEID

Frans Geleyne

Spreuke 8:12, 35

vers 12: *“Ek, Wysheid, is vertrouwd met die skrandtheid, en ek vind kennis van regte oorleg.”*

vers 35: *“Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry ‘n welbehag van die Here.”*

Die twee verse handel albei oor die wysheid. As jy altwee verse lees kan jy die afleiding maak dat die ‘hy’ waarvan in vers 35 gepraat word, die wysheid is. In plek van die wysheid in die vers kan Christus geplaas word. As jy die hoofstuk deurlees sal jy oplet dat, behalwe in ‘n paar verse, hulle net sowel Christus kon bedoel het.

Die verskil tussen die Goddelike wysheid en die wêreldse wysheid, oftewel wêreldse filosofie, is ook baie groot. Die wêreldse wysheid probeer juis bewys dat hy onafhanklik is van die Goddelike wysheid en verhef die mens en alles wat hy “sonder God” kan reg kry. Jy kan wel deur die ongelooflike manier waarop die mens geskape is die wysheid van God raaksien.

In vers 35 staan: Hy wat my gevind het, het die ewige lewe gevind. Dit is nog ‘n beloning vir die wysheid, as jy die wysheid van God soek en hom vra daarvoor sál jy die lewe vind. Dis seker die grootste verskil. As jy die wêreldse wysheid najaag sal jy, ongeag hoe hard jy probeer, nóóit die lewe vind nie,

maar jouself vasloop in die dood. Die wêreld sê: kyk net wat ons bereik het en hoe gevorderd ons tegnologie is en ons het dit self reggekry sonder God. Hulle vergeet net dat God op wonderbaarlike wyse alles rondom ons geskape het en hulle Hom uit sy eie skepping uitgesluit het.

Daar staan in dieselfde vers ook dat hy wat wysheid vind ‘n welbehag van God verkry. As jy die wysheid vind en volgens dit lewe weet jy vir jouself dat jy besig is met die regte dinge en lees jy van al God se beloftes, sal jy tevrede en vergenoegd wees. As jy jouself net met die wêreldse wysheid besig hou, word daar niks vir jou belowe nie. Jy lees net van al die dinge wat sal gebeur met die mense wat God nie geken het nie. Jy sal nooit die tevredenheid voel nie, net onrustigheid.

Die Goddelike wysheid kan ‘n mens oral rondom jou raaksien deur die hele skepping, soos aan die begin van hoofstuk 8 van Spreuke staan. Die wêreldse wysheid is selfs meer sigbaar, maar hulle sê leë dromme maak die meeste geraas.

**Oppad**

## EENVOUDIG DIE HERE DIEN

Dirk Boon

In ‘n program hier in Nederland waar elke week allerhande geloofsake bespreek en oor gediskussieer word, was daar ‘n tydjie terug ‘n vrou wat van haar lewe vertel het. Sy was in Amsterdam deel van een of ander ondergrondse dwelm-smokkelary. Alles swarthandel en niks wettig nie. Haar hele lewe is daardeur opgeneem, eintlik - om dit eenvoudig te stel - heeltemal geruïneer. Op ‘n sekere stadium is sy met die Evangelie gekonfronteer. Sy wou aanvanklik absoluut niks daarvan weet nie – het haarself heeltemal daarteen verset. Tog is sy elke keer weer daardeur gekonfronteer, en is op die ou end bekeer en het tot geloof gekom.

Wat opgeval het van haar manier van praat oor die geloof was die eenvoud hoe sy na alles kyk in haar lewe. Sy is deur Christus aangeneem deur die geloof. Heeltemal verlos van die sondes waarin sy geleef het, sonder dat sy dit verwag of verdien het. Tog het sy duidelik laat blyk dat alles nie sommer net in een keer goed is nie! Alhoewel sy tot geloof gekom het,

was dit nie waar dit gestop het nie. Haar lewe moet deur ‘n proses van herskepping nuut en “reggemaak” word. Sy moet keuses maak. Breek met die dinge van die “ou” lewe. Die treffende is hoe eenvoudig sy die keuses sien. As iets nie tot eer van God is nie, dan los sy dit en wil dit ook nie meer doen nie. Daarenteen soek sy dit wat reg is om te doen (volgens die Woord van God). ‘n Proses van keuses wat sy maak in afhanklikheid van die Here.

Is ons mense wat in die geloof opgegroeï het, ook nog in hierdie “keuse” fase, of is ons al so bietjie daar verby? Daar is mos nie dinge in ons lewe wat regtig verkeerd-verkeerd is nie, soos om met dwelms te smokkel nie ens. Ons is al verby die “kinderfase” van die geloof en hou ons besig met dieper dinge in die lewe, plekke waar die keuses moeiliker is.

Wees op jou hoede! ‘n Mens kan so ongelooflik baie van hierdie vrou leer! In eenvoud van geloof is sy in staat om die swak plekke in haar lewe konkreet raak

te sien, en dit uit te sny. Net soos wat mens 'n ou dooie tak van 'n boom afsny en weggooi. Klaar! Moet 'n mens ongelooflik wys wees voordat mens hierdie dinge kan doen? Is ons as “supergelowiges” nie geneig om soos die Engelse dit sal sê “loving to push the limits” nie? Dit gebeur so maklik dat ons met ons wysheid allerhande dinge in ons lewe kan akkomodeer wat nie eintlik met ons geloof in ooreenstemming is nie. So vinnig kan ons sê “aaag, dis nie so erg nie” of “dis mos nou nie só ernstig nie?” of “ja, maar mens hoef dit ook nie áltyd te doen nie.”

‘n Mens kom dit eintlik nogal baie teë by mense wat lankal kerkmense is, vanaf hul geboorte. Die mens is skynbaar by magte om self wyse besluite oor hul lewens te kan maak. Hulle weet self wat goed is vir hulle geloof en wat nie. Dan raak gelowige mense midde-in hul geloofsluwe beïnvloed deur die inherente “goedheid” of “wysheid” van die mens, sommer so sonder dat hulle dit agterkom. Baie dinge kan dan binne die geloofsluwe geakkomodeer word. So asof die mens 'n hoë staat van geloof bereik het wat hom in staat stel om sy “Christelike vryheid” te verruim tot sover as wat hy self dink dit kan. Amper bietjie eiewysheid...

Dan is dit so mooi om op televisie (in 'n gesekulariseerde land) iemand so eenvoudig, maar tegelyk ongelooflik kragtig, te hoor praat van die geloof in Christus (1 Kor. 1: 21) en die gevolge wat dit het vir die lewe. Geen wyse besluite oor allerhande moeilike dinge nie. Eenvoudig die Here Jesus Christus volg en sy bevele gehoorsaam wees. Konkreet bereid te wees om die sonde uit die lewe uit te sny, en 'n nuwe lewe te lei. Keuses maak aan die hand van die Woord van die Here, te los wat verkeerd is, en met die Here deur die lewe te gaan.

Laat ons nie soos die seuns van Aäron (Lev. 10: 1-5) eiewillig wees en dink ons kan self bepaal hoe ons die Here wil dien nie. Ons eie wysheid baat ons niks nie. Dit wat dwaasheid is by God, is wyser as die wysheid van mense (1 Kor. 1: 25)! Liewer die gebooe van die Here (wat lewe beteken) navolg en Hom van harte dien, en so die ondeurgrondelike wysheid van die Here leer raaksien, as wat ons op die ou end geneig is om in onself te roem (1 Kor. 1: 26-31). Hy weet wat goed is vir ons omdat Hy ons gemaak het. Laat ons Hom dan maar gelowig volg.

---

## WESTMINSTER CONFSSION VERVOLG

Anita Zielman

In die vorige artikel het ek meerendeels die “foute” van die Westminster Confession uitgelig. In die artikel wil ek graag konsentreer op die positiewe punte. Punte waaruit ons baie kan leer.

Die Westminster Confession praat duideliker oor die saligmakende geloof as wat ons NGB en Heidelbergse Kategismus dit stel. Die Westminster Confession sê duideliker dat die geloof swak of sterk kan wees, die geloof kan hierby ook aangeval word, maar deur vertoue op God groei die geloof tot 'n volle versekerheid deur Christus. Hier volg 'n aanhaling uit Hoofstuk 14(III) Van die Westminster Confession:

*“Hierdie geloof is verskillend van graad, swak of sterk en mag dikwels op verskillende wyse aangeval en verswak word, maar sal die oorwinning behaal en sal in baie toeneem tot die verkryging van die volle versekerdheid deur Christus, wat die Leidsman en Voleinder van geloof is”*

Vergelyk die bostaande maar met Artikel 22 van die NGB.

Ons kan baie uit die Westminster Confession leer wat betref ons geloof en ongeloof. Die Konfessie laat ons steeds aan die volgende herrinner:

“Ek glo, kom my ongeloof te hulp”. Die Westminster Confession is hier vir ons 'n baie goeie “padkaart”. God gee vir ons die sekerheid op ons pad deur ons ywerige gebruik van sy Woord en sakramente.

Professor Kamphuis wys ons daar op dat die viering van die Sabbat 'n groot plek kry in die Westminster Confession. Die professor het homself afgevera of daar nie dalk 'n meer wettiese aspek hierby betrokke is nie. Ek haal aan Hoostuk 21(VII) van die Westminster Confession:

*“Aangesien dit die wet van die natuur is, dat daar in die algemeen 'n verpligte gedeelte van die tyd vir die aanbidding van God afgesonder word; so het God in sy Woord deur positiewe, sedelike en vootdurende bevel, wat vir alle mense in alle tye bindend is in besonder een dag uit 7 aangewys as 'n sabbat om vir Hom heilig gehou te word: wat van die begin van die wêreld tot die opstanding van Christus, die laaste dag van die week was; en vanaf die opstanding van Christus verander was na die eerste dag van die week, wat in die Skrif die Dag van die Here genoem word en wat as die Christelike Sabbat voortgesit moet word tot die voleinding van die wêreld”.*

Skep dit 'n wettiese indruk? Dalk is daar bietjie te veel op wet gekonsentreer, maar daar is tog 'n ondertoon van diepe vroomhied en eerbied. Die

Westminster Confession spreek ook duideliker en positiewer as dit kom by ons vrye opvattinge wat ons maak oor die viering van die sabbatdag. Lees maar weer die bg. aangehaalde stuk.

Hoofstuk 23 van die Westminster Confession praat oor die burgerlike owerheid en dit toon 'n ooreenstemming met Artikel 36 van die NGB.

Eers word daar gesê dat 'n Christen 'n amp in die owerheid mag beklee en dat die owerheid oorlog mag voer mits dit regverdig en noodsaaklik is. Daarna lees ons dat die owerheid nie Woord en Sakrament mag bedien nie en ook nie tug oor die kerk mag uit oefen nie, tog moet die owerheid daarvoor sorg dat die eenheid en vrede in die kerk bewaar moet word. Die owerheid moet ook daarvoor sorg dat godslastering en ketterye in die kerk onderdruk moet word.

Daarom mag die owerheid wel 'n sinode byeen roep wat ook deur hulle verteenwoordig word. Die owerheid moet dan ook toesien dat die besluite wat tydens die sinode geneem word ook die wil van God is. Ek verwys na 2 Kor. 9:8-11 waar ons lees dat Josafat Leviete en priesters in Jerusalem aanstel voor die regspraak, hulle word dan ook beveel om in die vrees van die Here en getrouheid van hart te wandel. Die Westminster Confession skryf soms 'n te groot bevoegdheid aan die owerheid toe, wat betref kerklike sake. Ek haal aan; Hoofstuk 23(I) van die Westminster Confession:

*“God, die hoogste Heer en Koning van die wêreld het die burgerlike owerhede ingestel onder Hom oor die mense, tot sy eie heerlijkheid en die openbare welsyn;*

*en het hulle vir die doel gewapen met die mag van die swaard, tot die beskerming en bemoediging van hulle wat goed doen, en tot bestraffing van die kwaaddoeners”*

Lees hierby ook gerus Artikel 36 van die NGB.

In die algemeen is dit opvallend dat verskillende sake oor die Christelike lewe so breedvoerig bespreek word. Ons bemerk dit ook in die hoofstuk oor die huwelik nl. Hoofstuk 24. Hier word voor egskeiding toegelaat is; owerspel en kwaadwillige verlating in een asem genoem. Die Sinode van Middelburg in 1933 wou nie 'n uitspraak lewer oor die kwessie nie. Alhoewel professor S. Greijdenus vasgehou het aan wat Matt. 5:32 vir ons leer:

*“Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egskeuring pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egskeuring.”*

Tog is daar verskillende verklarings vir die woord *“kwaadwillige verlating”*

Na alles wat ons oor die Westminster Confession gelees het, kan ons 'n groot ooreenkoms sien tussen die belydenis en ons eie Drie Formuliere van Eenheid.

In verskillende opsigte is die Westminster Confession selfs beter as ons eie Drie Formuliere van Eenheid. Tog mag ons weet dat ons almal gelei word deur een en dieselfde persoon nl. ons God en Hemelse Vader. Hy sal daarvoor sorg dat sy kerk in die regte spore sal bly wandel.

---

## MUSIEK IN DIE EREDIENS

Mirjam de Vries

Psalm 96:1-2

*“Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied;  
sing voor die HERE, o ganse aarde!  
Sing tot eer van die HERE, loof sy Naam  
Verkondig sy heil van dag tot dag.”*

Vandat mense bymekaar begin kom het in eredienste, is daar waarskynlik al liedere gesing. Maar wat het hulle gesing? Psalms (en skrifberymings?) het voor Dawid nog nie bestaan nie. Is dit nie moontlik dat hulle gewone (Bybelgebaseerde?) liedere gesing het nie-liedere tot lof en eer van God? In Exodus 15:1-21 lees ons van die lied van Moses. Hierdie lied het die hele volk saam tot eer van die Here gesing.

Vandag het ons die Psalms en Skrifberymings wat ons in die eredienste sing. Maar beteken dit dan dat ons geen ander liedere **mag** sing, of selfs speel nie? Is ons gebonde aan die 150 Psalms en 50 Skrif-

berymings? mag daar dan ook geen nuwe liedere geskryf word nie?

Nou praat ek nie net van tydens die eredienste self nie, maar ook van *voor* en *na* die diens. Wat mag gespeel word en wat nie? Moet ons in alle opsigte, in en om die eredienste, ander liedere vermy en slegs by Psalms en Skrifberymings hou?

As dit ons siening of opinie is, wat moet ons dan dink van Psalm 96? Daar word in vers 1 die volgende gesê: *“Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied; Sing voor die HERE, o ganse aarde!”*

Hier word dus in feite op alle mense 'n oproep gedoen, om **NUWE** liedere tot eer van die Here te sing. Kan ons net met Psalms en Skrifberymings die HERE loof en prys, of ook deur ander geestelike liedere?

# GEROESTE YSTER OF SKERP SWAARD?

## Logiese denke en geloof

Antoine Theron

Vandag reageer ongelowiges dikwels eienaardig op 'n verduideliking van die mens se sondeskuld en die verlossing in Christus: "Dit mag miskien vir jou waar wees," sal hulle sê. "Maar dit beteken nie dat dit vir my waar is nie. Jy laat dit nou al te veel klink asof daar êrens hierdie absolute waarheid is. Leer tog om nie so rigied te wees nie. Die lewe is nie swart of wit nie. Jy glo 'n klomp stellings wat die Bybel maak. Maar vir iemand anders beteken dieselfde stellings presies die teenoorgestelde. En dit beteken tog nie die een persoon is reg en die ander is verkeerd nie." Noem 'n mens nou so 'n redenasie onlogies, antwoord die persoon iets soos: "Maar is geloof nie juis onlogies nie? En wie sê jou logika is my logika? Vir jou is Christus miskien die enigste weg, maar vir my hoef dit nie so te wees nie."

Hoe sit mens so 'n gesprek voort? a) Spring jy op en kyk die ander persoon met afgryse aan en skree: "Jou... jou... jou postmodernis!!" b) Bly jy lank stil en tuur in die verte (soos hulle in die Franse films maak), steek 'n pyp op vir ekstra effek en sê dan baie stadig: "Wyse woorde ... ja ... wyse woorde... " ? c) Bel jy die dominee op jou selfoon en vra wat nou? d) Maak jy 'n harde DONG!! geluid en sê: "Jammer! Verkeerd! Kom probeer maar volgende keer weer!"

Die rampspoedige keuse is optrede b). As onlogiese denke 'n geldige alternatief is, as denkwette iets opsioneel is, as daar iets soos "my logika en jou logika" is en as logika min met die Bybel, geloof, bekering, verlossing en dankbaarheid te doen het, het die Woord alle betekenis nie net vir ongelowiges nie, maar ook vir ons verloor. Gelukkig kan niks verder van die waarheid wees nie! In hierdie artikel sal ons sien waarom.

### 1. Wat is logika?

Almal wat hierdie gedeelte lees, kan dink en dink elke dag bykans sonder ophou. Wanneer ons dink, maak ons afleidings uit stellings en bring ons begrippe met mekaar in verband. Byvoorbeeld: "Alle mense het in Adam gesondig. Ek is 'n mens. Dus het ek in Adam gesondig." Geldige afleidings is iets wat selfs die kleinste kleuter kan maak!

Dis nie nodig om te kan beskryf *hoe* 'n mens dink om te kan dink nie. Al kan jy nie beskryf hoe die proses van redenasie werk nie, hou jy nooit op om te redeneer nie ... en boonop doen jy dit gewoonlik reg. 'n Mens kan lekker eet sonder om iets te weet van die spysverteringsproses en kan diep asemhaal sonder om enigiets te weet van die asemhalingsstelsel.

Maar sedert die sondeval is dit ook moontlik om *verkeerd* te redeneer. Wanneer ons begrippe en afleidings verkeerd hanteer, dink ons onlogies. Net soos ons wiskundige foute maak, maak ons soms oorhaastige gevolgtrekkings, ons maak denkspronge en afleidings waarvoor daar geen gronde bestaan nie. Daarom bestudeer mense die logika om vas te stel wat die reëls is wat ons BEHOORT te volg as ons geldige afleidings wil maak. Dit beskryf dus hoe ons BEHOORT te redeneer as ons korrek wil dink. 'n Kennis van die logika help ons dus om denkfoute te voorkom, net soos 'n kennis van fisiese natuurwette soos swaartekrag en momentum ons help om bewegingsfoute te vermy. (Die feit dat ons die regte beginsels ken, beteken natuurlik nie dat ons nou heeltemal ophou foute maak nie: geleerde Fisika-professors val soms net so hard van hulle fietse af soos skoolkinders!)

Kom ons kyk na 'n voorbeeld van 'n logiese beginsel. Die eerste reël van die logika (die reël wat die ongelowige in die voorbeeld hierbo probeer ontken) is die wet van teenstelling. Iets kan nie tegelyk en in dieselfde opsig A en nie-A wees nie. My fiets kan rooi en nie-rooi (byvoorbeeld silwer) wees ... maar dit kan nie rooi en nie-rooi wees tegelyk en in dieselfde opsig nie. Dit kan dalk nou rooi wees en môre silwer, nadat ek dit geverf het. As dit op dieselfde tyd rooi en silwer is, kan dit nie in dieselfde opsig rooi en silwer wees nie. My fiets kan net rooi en silwer wees op dieselfde tyd as 'n deel daarvan, al is dit ook hoe klein, silwer is en 'n ander deel rooi. Nog 'n voorbeeld: 'n lyn kan sowel reguit as krom wees, maar nie in dieselfde opsig nie. Een deel van die lyn kan reguit wees en die ander krom, maar dieselfde deel kan nie tegelyk reguit en nie-reguit (krom) wees nie.

Wanneer ons die wet van teenstelling toepas op 'n sin soos "Die lyn is reguit", beteken dit ook dat as 'n woord A beteken, dit nie ook nie-A beteken nie. In die sin "Die lyn is reguit" beteken *die* nie ook *enige*, *alle* of *geen* nie. *Lyn* beteken nie *lepel*, *leeu* of *lafaard* nie. *Is* beteken nie *is nie* nie. *Reguit* beteken nie *groen* of enigiets anders nie. Elke woord het dus 'n bepaalde betekenis. En om betekenis moontlik te maak, moet 'n woord nie net wel 'n betekenis-inhoud hê nie, dit moet ook 'n hele aantal betekenis NIE hê nie! As die woord *leeu* 'n sinoniem was vir al die ander woorde in die woordeboek, sou dit niks beteken nie, want wanneer jy die woord *leeu* gebruik, sou niemand weet waarvan jy praat nie ... ook nie jyself nie! Wie weet wat die sin "Die leeu leeu die

leeu se leeu,” beteken? Of erger nog, wat beteken hierdie sin: “Leeu leeu leeu leeu leeu leeu leeu leeu leeu leeu?” Die wet van teenstelling impliseer dat elke woord, ten einde iets te beteken, ook iets NIE moet beteken nie.

## 2. Logika is onvermydelik.

’n Uitspraak soos dié van die ongelowige hierbo dat dieselfde stelling van die Bybel tegelyk ook die teenoorgestelde kan beteken, ontken die logiese wet van teenstelling. Maar as die wet van teenstelling nie waar was nie, sou alle woorde in die Bybel hulle betekenis verloor. As iets tegelyk A en nie-A kon wees, sou God se woorde: “Jy mag nie egbreek nie” ook kon beteken: “Jy moet gereeld egbreek.” Die gebod: “Jy mag nie doodslaan nie” sou ook beteken: “Jy moet doodslaan.” Geeneen van die Tien Gebooe sou verstaanbaar wees nie, en ’n heilige lewe sou onmoontlik wees. En dan sou niemand kon sê dat die Bybelse uitsprake oor Christus se kruisiging, sterwe, begraving en opstanding waar is nie, want die Bybel sou met dieselfde woorde ook sê dat Christus NIE gekruisig is, NIE gesterwe het, NIE begrawe is en NIE opgestaan het nie.

As onlogiese denke naas logiese denke ’n staanplek sou hê, as logika nie ’n universele vereiste was vir alle geldige denke en skryf en praat nie en die reëls van logika eintlik maar opsioneel was, sou ons van sonde, verlossing en dankbaarheid niks weet nie. Ons sou die Bybel nie kon verstaan nie. Sonder die logiese wet van teenstelling verval alle onderskeid tussen waarheid en valsheid.

Logika is so onvermydelik en grondliggend aan ons denke, dat selfs hulle wat die gebruik van logika kritiseer, die beginsels van die logika moet gebruik om die logika aan te val! As iemand sê “logika is irrelevant,” wil hy nogtans hê dat ’n spesifieke betekenis aan sy woorde gegee word. Die teenstanders van logika moet dus die logiese denkwette gebruik om te probeer aantoon dat logika irrelevant is. Om te probeer aantoon dat logika oorbodig of vals is, moet hulle eers die waarheid daarvan aanvaar. Hulle kan nie anders as om (logiese) argumente aan te bied met die doel om ons te oortuig dat logiese argumente ongeldig is nie!

## 3. Ware geloof is logies.

In Joh. 1:1 lees ons: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Die Griekse woord *logos* wat hier met “woord” vertaal word, beteken ook wysheid of logika. Die Woord is Christus self, “die waaragtige lig wat elke mens verlig”. (Joh. 1:9) Hieraan sien ons hoe onhoudbaar die skeiding is wat dikwels gemaak word tussen geloof en logika. Ons geloof begin wanneer ons die gepredikte woord, die wysheid en logika van God, hoor (Rom. 10:17) en die Heilige Gees ons harte

verander om die verliggende waarheid van God te aanvaar. Gelowiges, hulle wat in Christus ingelyf is, het Christus as hoof. En ons hoof is dan juis die vleesgeworde Woord, die bron van alle waarheid en wysheid en logika! Ons God is nie ’n God van wanorde nie, en ons denke moet die ordelike aard van God weerspieël.

Ware geloof *mag* nie net logies wees nie, dit *moet* logies wees! Geloof is ’n intieme kennis en vertroue, en kennis en vertroue veronderstel ’n inhoud. Jy glo en vertrou *iets*. Ware geloof ken en aanvaar die stellings van God se Woord as waarheid; en daarom vertrou gelowiges dat God ook aan hulle vergewing, geregtigheid en saligheid geskenk het. Christene glo dus *iets* en daardie *iets* is die waarheid. (Mohammedane glo ook *iets*, maar daardie *iets* is nie die waarheid nie en omdat hulle dus geen ware geloof het nie, noem ons hulle “ongelowiges”.) Die inhoud van ware geloof is die stellings van die Bybel en die belofte van die evangelie. Ons kan vertel wat ons glo. Ons kan wat ons glo, uitdruk in twaalf stellings. (HK 21,22,23)

In die verband van geloof met kennis, inhoud en betekenis sien ons die noodsaak van logika vir geloof. Ware geloof is nooit onlogies nie. En onlogiese geloof is nie net geen ware geloof nie, dit is boonop onbestaanbaar. Dit is so onbestaanbaar soos ’n vierkantige sirkel. Die HAT definieer “glo” as “vir waar hou, as die waarheid aanvaar.” Maar sonder logika is alles wat waar is, tegelyk ook nie-waar; en alles wat nie-waar is, tegelyk ook waar; en dan kan ’n mens tog niks vir waar hou nie. Die enigste plek waar ’n onlogiese geloof miskien kan bestaan, is in die benewelde brein van ’n dwelmverslaafde, tussen pienk vlieënde olifantjies en vierkantige sirkels.

## 4. Logiese denke maak ons bruikbaar vir God.

Niemand moet sy vrot wiskunde probeer verskoon met ’n beroep op “jou wiskunde” ( $3+3=6$ ) en “my wiskunde” ( $3+3=7$ ) nie. God is God ook van die wiskunde, en Hy definieer uiteindelik wat regte en verkeerde wiskunde is. Net so moet ons nie die onlogiese ongeloof van mense wat in opstand teen God is, toelaat om ons te intimideer met praatjies oor “jou logika” en “my logika” nie. God is God ook van die logika, en Hy het bepaal wat logies en onlogies is. Ons moet dan ook nie skrik vir ongelowiges se arrogante ontkenning van alle “absolute waarheid” nie. Omdat alle skepsels (ook die rebelse ongelowiges) in God se logiese skepping lewe, is daar nie net slegs iets soos “absolute waarheid” nie, maar is *alle* waarheid *absolute* waarheid (d.w.s dit geld vir almal)!

Ons sien dus dat kennis van die logika ons toerus om baie ongelowige argumente te ontmasker. Lees maar

net die brief aan die Romeine om te sien hoe kragtig die Here sy kneg Paulus laat redeneer tot uitbreiding van die evangelie! En die mede-skrywer van die Heidelbergse Kategismus, Ursinus, se kommentare lyk amper na 'n logika-handboek! As ons lomp en skrikkerig bly in logiese denke, hanteer ons die Woord soos 'n geroeste yster. Maar daar staan geskrywe: "...die woord van God is lewend en

kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..." (Heb. 4:12) Deur reg te dink, en die onlogiese aard van die ongelowige denke uit te wys, kan ons die Skrif meer effektief te gebruik tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwys in die geregtigheid en word ons beter toegerus vir goeie werke. (2 Tim. 3:16,17)

## MIDDELEEUSE FILOSOFIE (I)

*Die lewe en werke van AUGUSTINUS (354-430 n.C.)*

Nonka Byker

Die Romeinse Keiser Konstantyn is in die jaar 313 n.C. tot die Christelike geloof bekeer en, alhoewel slegs een uit elke tien inwoners van die Romeinse Ryk 'n Christen was, het die Christelike geloof die amptelike geloof van die Ryk geword. Gedurende die eeue wat daarop gevolg het, het die meeste kerkvaders hulle na die heersende neo-Platoniese filosofiese tradisie gewend in hulle soeke vir 'n intellektuele fondasie vir hierdie redelike nuwe geloof (i.e. die Christelike geloof). Die eerste noemenswaardige filosoof van hierdie Christelik Platoniese tradisie was Augustinus (354-430 n.C.).

### Agtergrond

As 'n jong student in die retoriek in Rome, was Augustinus begaan oor die probleem tussen die goeie (good) en die slegte (evil). Hy het aanvanklik aangetrokke gevoel tot die Manigeanisme, 'n filosofie wat die werklikheid (reality) verstaan het in terme van 'n ewige stryd tussen die "Beginsel van Lig" (die goeie) en die "Beginsel van Duisternis" (die slegte/sonde). Die strewe tussen hierdie twee beginsels het hulself dan as die wêreld gemanifesteer. Die mens se siel het die goeie verteenwoordig, terwyl die menslike liggaam die slegte/sonde verteenwoordig het. As 'n Manigeanis kon Augustinus dus ook sy sonde toeskryf aan 'n mag/beginsel wat op 'n manier buite homself gestaan het en wat hom dus nie self verantwoordelik gemaak het vir sy eie optrede nie.

### Skuiw na die Neo-Platonisme

Augustinus was egter nie vir lank tevrede met hierdie "oplossing" vir die probleem van sonde (die slegte) nie en kort voor lank voel hy aangetrokke tot die neo-Platoniste se idee van 'n immateriële wêreld. Dit was dan ook van die neo-Platoniste waar Augustinus sy idee vandaan gekry het dat die sonde nie 'n werklike verskynsel van die realiteit is nie, maar 'n TEKORT, 'n onvoltooidheid, 'n ontneming van die werklikheid. (Vergelyk 'n gaatjie in jou tand: 'n gaatjie is nie 'n ding of 'n iets nie, maar 'n afwesigheid van iets goed, moontlik 'n tekort aan kalsium). Net so is die sonde nie 'n tasbare iets nie, maar eerder die afwesigheid van iets (in die geval die goeie).



### Bekering

In 388 n.C. bekeer Augustinus hom tot die Christendom. In 391 n.C. word hy as 'n priester bevestig en vyf jaar later, in 396 n.C. word hy die Biskop van Hippo aan die Noord-Afrika kus. Dit was ook gedurende hierdie tydperk wat die Christendom daarop gefokus het om hul eie identiteit te vind en daarom het Augustinus homself hoofsaaklik besig gehou met die weerlegging van 'n aantal sienings en oortuigings: die van Donatisme, Priscillianisme, Arianisme en ook die siening van sy eie vorige oortuiging, die Manigeanisme.

Terselfdertyd het Augustinus te doen gekry met 'n nuwe en uitdagende oortuiging, naamlik die van die Pelagiane. Pelagius het die mens se vrye wil in sy eie saligheid oorbeklemtoon en terselfdertyd die rol van God se genade daarin geminimaliseer. (Pelagius het selfs 'n boek wat Augustinus vanuit sy vorige oortuiging geskryf het, gebruik om sy [Pelagius se] siening op die mens se vrye wil te verdedig – tot groot verleëtheid vir Augustinus!) Augustinus het homself in 'n dillema bevind: aan die een kant moes hy die Manigeane aanval omdat hulle die mens se vrye wil (verantwoordelikheid) ten opsigte van sy/haar eie saligheid geminimaliseer het en aan die anderkant moes hy die Pelagiane aanval omdat hulle juis hierdie vrye wil oorbeklemtoon het. Hierdie probleem het juis gelei tot van Augustinus se filosofiese denke.



## Die Probleem

Indien God alwys (alwetend) is, beteken dit dat Hy die toekoms ken. As God die toekoms ken, beteken dit dat die toekoms presies volgens sy kennis daarvan moet ontvou (anders ken Hy nie die toekoms nie). As die gebeure in die toekoms moet ontvou volgens God se voorkennis daarvan, beteken dit dat hierdie gebeure noodsaaklik is en dat daar geen vryheid daarin is nie. As daar geen vryheid is nie, beteken dit dat mense nie verantwoordelik gehou kan word vir hulle aksies nie, in welke geval dit immoreel is om hulle te straf vir hulle sonde. (As God duisende jare voor Judas se geboorte gewet het dat hy Jesus gaan verrai, hoe kan God Judas dan straf vir hierdie sonde?) Dit het dus geblyk dat die slotsom is dat God óf alwetend maar immoreel is, óf dat God welwillend maar onkundig is. Augustinus het hierdie siening met 'n aantal argumente weerlê, waarvan ek net twee in hierdie artikel gaan noem.

## Eerste argument

Vir God is daar geen toekoms of verlede nie, maar net 'n ewige hede. Alles gebeur vir God op een slag. Deur te sê dat "God duisende jare voor Judas se geboorte gewet het dat hy Jesus gaan verrai", is 'n menslike fout om te glo dat God in tyd is. In feite

staan God buite tyd. (Dit is wat dit beteken om te sê dat God *ewig* is).

## Tweede argument

Augustinus stem wel saam dat God se voorkennis van die toekoms noodsaaklikheid inhou, maar hy stem nie saam dat hierdie noodsaaklikheid onversoenbaar met vryheid is nie. Augustinus glo dat vryheid beteken dat iemand steeds daartoe in staat is om te doen wat hy/sy wil, selfs al weet God wat daardie persoon wil doen. God se voorkennis van 'n besluit veroorzaak nie die besluit nie, net soos wat my eie kennis van my besluite nie die uitvoer van daardie besluite veroorsaak nie.

## Slotsom

Hierdie was bloot 'n kort uittreksel van Augustinus se denkpatoon. Sy filosofie het hoofsaaklik gesentreer rondom die verhouding tussen God en mens. Hy het sy verhoë gerig aan 'n mensdom wat in 'n wêreld geleef het wat besig was om te verkrummel. Op dieselfde dag wat Augustinus gesterf het, was die barbare besig om die stad van Hippo af te brand. (Nee, hy het nie in die brand gesterf nie!) Met Augustinus se dood het westerse filosofie begin agteruitgaan en sou dit ook vir die volgende 400 jaar steeds meer verval.

---

# BEHELSTUDENT WEES DAGGA ROOK ?

Karen Douma

Dagga is baie algemeen. Jy kry dit by die skole, universiteite, en in jou woonbuurt. Meeste mense ken 'n vriend wat weet van iemand wat dagga het en orals is daar studente wat dit koop en verkoop.

Daar word selfs gespekuleer of dagga nie deel is van die universiteitskultuur nie?

Op die oppervlak lyk dit of dagga nie juis 'n kwessie is nie. Drank is 'n veel groter prioriteit en probleem. Tog is daar 'n groot aantal studente wat dit al probeer het. Is jy een van hulle?

Die Suid-Afrikaanse dagga tipes is: Swazi Gold, Transkei red, Transkei hashbull en Durban poison. Daar is verskeie maniere hoe jy dagga in jou sisteem kan kry. Eerstens kan jy die dagga oprol en rook, of eet dit in die vorm van 'n dagga koekie, of rook dit deur 'n hubbly bubbly of bottel top.

Volgens kenners veroorsaak dagga dat jy jou motivering en deelname aan die daaglikse take of aktiwiteite, verloor. 'n Ander gevaar is dat dagga optree as 'n "stepping-stone" drug. Mense wat dagga rook word dikwels blootgestel aan ander drugs.

Wat sê die Woord van God egter hieroor.

1 Kor 6 : 19 & 20 - "*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan*

*julle self behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en julle gees wat aan God behoort"*

Rom 6:13 - "*En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuig van ongeregtigheid nie, maar stel julle self tot beskikking van God as mense wat ui die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in diens van God."*

Die mens word onder groot verantwoordelikheid ten opsigte van sy liggaam geplaas. Die Vader het die liggaam geskep, die Seun die liggaam aangeneem, en die Heilige Gees die liggaam bewoon. Ook is die mens na die beeld van God geskep en is ons geroep om God met ons liggaam te dien. Hierdie verantwoordelikheid ten opsigte van die liggaam beteken konkreet dat die mens alles moet doen om die gesondheid van sy liggaam te bevorder. Paulus sê in Efese 5:29 dat jy nie jou liggaam mag haat nie, maar versorg en alles moet nalaat wat die liggaam mag skaad (bv. dagga).

As jy dus bloot gestel word aan dagga of enige ander drug, dink twee keer.

## HOE GASVRY IS ONS?

Hester Douma

Die woord gasvry word soos volg in die woordeboek beskryf: “vriendelik teenoor besoekers of gewillig om gaste te onthaal”. Dit is ook ‘n opdrag wat ons uit die Bybel ontvang in Hebreërs 13:2. Daar staan: “Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.”

En in Romeine 12:13 staan daar: “Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;...”

Dit kom dus baie duidelik na vore dat gasvryheid ‘n opdrag van God is en dat ‘n mens dit sowel in die kerk as by die huis of eintlik enige plek kan/moet toepas.

Gasvryheid kan in die gemeente toegepas word deur gewoon onderling vriendelik met mekaar te wees en mekaar te help uit liefde waar ons kan. Ons moet ook ons bes doen om besoekers en nuwe lidmate te laat welkom voel en hulle dus gasvry ontvang.

Deur gasvry te wees en gasvryheid uit te straal dra mens ‘n tipe boodskap aan die wêreld uit. Dit wys dat mens omgee en belagstel. Dit is ook ‘n beeld wat ‘n Christen moet uitdra en daardeur ander mense kan aanspoor oom vriendelik en gasvry te wees. So sal die kerk van Christus ook hefter raak en groei. Aangesien ons deur die beeld wat ons uitdra ook ander mense kan inspireer. So doende kan ons die evangelie verkondig en vir meer mense die blye Boodskap vertel.

Aangesien dit ‘n opdrag van God is, dink ek ons kan almal weer ‘n slagie gaan nadink oor: Hoe gasvry is ek werklik en betoon ek werklike liefde teenoor my naaste? Laat ek vreemdelinge welkom voel in ons gemeente en kerk? Ons is almal so geneig om altyd die slegte raak te sien en gou vir mekaar kwaad te word oor klein dingetjies. Dit is **beslis** nie God se opdrag nie, so kom ons maak ‘n punt daarvan om gasvry teenoor almal te wees!

## HOE SKRYF EK ’N ARTIKEL?

Die laaste tyd begin al hoe meer verskillende mense hul penne opneem om artikels te skryf. Dit is baie goed om dit te sien! Ons hoop dat nog meer mense bereid sal wees om op hierdie manier ‘n bietjie van hulself bloot te stel. Die Pretoria redaksie het dit goed gedink om julle ‘n paar basiese riglyne te gee om jul skryfwerk makliker te maak. Ons sien uit na jul artikels!

### Algemene riglyne

1. Bepaal die doel van jou artikel en probeer om daarby te hou. Wees dus spesifiek: jy hoef nie alle vraagstukke van die wêreld in een artikel op te los nie.
2. Begin jou artikel met ‘n standpunt, treffende sin of paragraaf om die aandag van die leser daarop te vestig. Wees dus duidelik, bondig, lewendig, informeel, prakties en noukeurig.
3. Skryf jou artikel vanuit ‘n gereformeerde oogpunt.
4. Jou artikel moet opbouend en nuttig wees vir die lesers se daaglikse geloof.
5. Gebruik eenvoudige taal en omskryf vakterme. Onthou die teikengroep van die artikels is die jeug (16 jaar en ouer). Leesbaarheid en verstaanbaarheid moet fokus op die jonger lesers van die blad.

6. Gebruik kort sinne en vermy dus lang, uitgerekte en droë verhale.
7. Gebruik subopskrifte om jou artikel duidelik te struktureer en om die onderafdelings wat jy wil beklemtoon, duidelik te laat uitkom.
8. Kernsinne, prentjies en foto’s is van die uiterste belang om jou artikel aantreklik en boeiend te hou.
9. Proeflees jou artikel nadat jy dit geskryf het.
10. Skryf asseblief die bronne wat jy gebruik het (indien jy enige bronne gebruik het) onderaan die artikel.
11. Geniet dit!

### NB. Skryf en lees jou artikel deur die oë van die leser

#### Spesifieke riglyne vir elke rubriek

##### Redaksioneel (lengte: 325-375 woorde)

1. Bevat ‘n samevatting van die uitgawe.
2. Gee ‘n inleiding tot die uitgawe.
3. Spreek kortliks belangrike gebeurtenisse aan.
4. Gee kortliks inligting van die redaksies deur.

##### Uit die Woord (lengte: 500-1500 woorde)

1. Meer formele artikel.
2. Bespreek ‘n Bybelgedeelte.

3. Kan verband hou met besprekings op jeugvereniging.
4. Gee pitkos aan die jeug direk vanuit die Bybel.
5. Om bv. onduidelikhede in die Bybel te verduidelik wat nie op vereniging opgelos kon word nie.
6. Om direk vanuit die Bybel die Here te leer ken.

#### Oppad (lengte: 500-1500 woorde)

1. Spreek aktuele sake aan bv: sending, politiek en samelewing, etiese sake, tegnologie, wetenskap, natuur ens.
2. Plaas aktuele sake in 'n gereformeerde lig.

#### Voel jy ook so? (lengte: 500-1500 woorde)

1. Persoonlike geloofsvrae, alledaagse kwessies rakende skool, naskool, werk, vriende, ontspanning, geloof ens. word aangespreek.
2. Om die jeug geleentheid te gee om persoonlike boodskappe en menings oor te dra, vrae te stel of om opmerkings te maak.

#### Briewe en reaksie (lengte: maks. 1000 woorde)

1. Geleentheid om briewe in die Olieelamp te plaas rakende sekere sake.
2. Geleentheid vir die jeug/ouer mense om te reageer op artikels, briewe, uitgawes en gebeurtenisse.

#### Jeugaktiwiteite (lengte: maks. 1000 woorde)


Terugvoer oor sosiale gebeurtenisse en aktiwiteite wat onder elke gemeente se jeug gebeur het.

#### Rondvraag

1. Roosters
2. Verjaarsdae
3. Kennisgewings
4. Mededelings
5. Advertensies (rakende die jeug)

#### Nog iets...

1. gedigte
2. boeke
3. blokkiesraaisels
4. prentjies / foto's
5. ontspanning
6. ens.



# Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

## DEUR DIE SLEUTELGAT

Ek begin hierdie analise van die jeug se interpersoonlike interaksie die laaste paar maande met die eerste georganiseerde ontspanning van die betrokke tydgleuf: die braai by Big Bay. Moenie dat u geflous word deur die groot verskeidenheid idilliese poskaarte en plakaate van dié "skilderagtige" omgewing nie, u mag dalk vir uself die illusie voorstel van 'n spierwit ongerepte strand met die son wat stadig agter Tafelberg sak, en die aand briesie wat liggies deur u golwende *Organics* hare kabbel. Die beeld sal heelwat meer realisties wees indien ons die aand briesie vervang met iets soortgelyks aan 'n Orkaan sterkte Suidooster, die golwende hare met 'n boskassie wat Einstein soos Elvis laat lyk en om nie eers te praat van die spierwit strand sand wat die ongemaklike vermoë het om elke moeilik bereik bare gedeelte van jou lyf soos skuurpapier te laat voel nie Dit was dus om die minste te sê 'n winderige

situasie. Maar sulke kleinighede het geen effek op die vermoë van die jeug om 'n suksesvolle braai van stapel te stuur nie. Danksy die onpeilbare kennis van wind, weer en water wat daar verborge lê in ons drie raadgewende ingenieurs (met die klem sterk op raadgewende) Peter, Theo en Jakes het ons in 'n oogwink (45minute) 'n weerbestande beskutting agter ons gehad wat selfs die mees geharde sand korreltjie geen deurgang gebied het nie. Die besluit om Jaco se goue komkommer mobiel (Timmomas in Indonesies) as 'n 3 ton wind breker te gebruik was werklik geïnspireerd.

Maar in vergelyking met wat sou volg was die braai by Big Bay (wat jou vleis soms ekstra *crunchy* gelaat het) maar so 'n bietjie *Mickey Mouse*. Die buitelig aktiwiteit van die jaar was tot dusver sonder twyfel *Suicide Gorge*. Onder leiding van ons onverskroke

veteraan stapper Peter “Rambo” Raimond het ons volmoed hierdie 18 kilometertjies in die berge naby Grabouw aangedurf. Almal het deeglik voorbereid daardie “suicidal” Saterdag 7 uur (ja, 7uur die oggend) by die kerk opgedaag, almal behalwe Hester, wat blykbaar onder die indruk was dat Suicide Gorge ‘n vakansieoord naby Hermanus is, en as ‘n gevolg in haar *wetsuit* (natpak) opgedaag het, gelukkig het sy haar *surfboard* (Branderplank) by die huis vergeet. Maar almal wat Hester so ‘n bietjie snaaks aangekyk het is gevorseer om later hul neuse maar grondwaarts te rig, nie om hul verminkte voete te aanskou nie, maar eerder in skaamte, die wetsuit was toe tog nie so ‘n slegte idee nie, veral nie met water wat selfs jou neushare van koue laat orent staan nie.

“Ag ons is nou-nou daar” en “na die watervalle is dit nie meer vêr nie” is seker twee van die mees verspotte stellings wat dié dag gemaak is, net na Peter se “mmmm, ek dink ek het die kaart in my kar vergeet”. Peter se bos-instinkte was toe tog op die einde van die dag genoeg om ons weer veilig by die huis te kry, hulle het net so ‘n tydjie gevat om op te warm. Maar waar sou ons nie gewees het sonder die hulp van die twee Geertse(of soos hulle deesdae bekend staan: *Energade* en *Powerade*) met hul onuitputbare bron van energie nie? Nogal handig vir so ‘n staptoer, by elke verdagte paadjie of onverwagse draai in die pad was die houding onder die res gewoontlik: “ag stuur die Geertse maar gou om te gaan kyk of ons nog op koers is”.

Sommige Transvalers kan duidelik ook nie genoeg van die Kaap kry nie, en ‘n hele horde van hulle het

die afgelope lang naweek of sogenaamde “vakansie” ‘n draai hier kom maak. Marius (is dit nou Bobo of Bobbel, ek kon dit nog nooit uitfigger nie) Rory, Jan en hul “spesiale” langpad broodjies smeerder Bertha het almal die 15 uur se ry Kaapstad toe aangedurf, al was dit soms ietwat “elendig”. Mens moes soms maar twee keer kyk of dit nou wêl *genuine* Transvalers is, met al daai selfone, kameras en *gadgets* kon hulle net so maklik ‘n groep toeriste uit Japan gewees het. Die afgevaardigdes uit die Noorde was voltallig met Anja wat moes sorg dat Bertha haarself gedra en nie te veel rondloop nie. Saans/Snags is daar gekuier by die nuwe “Jongens huis” of soos Marius dit seker sou stel: “Jongens huis ver.1.2”, terwyl die res van die dag gespandeer is deur die Kaap plat te ry.

In ‘n wanhopige laaste soeke na ontspanning voor die gevreesde tweede kwartaal aanbreek, het die jeug so ‘n bietjie van die pad gedwaal, en die nuwe Grand West Casino besoek. Tot ons skok moes ons toe agterkom hulle speel nie Maandag-aande tien-op-eneer nie, so ons moes toe maar tevrede wees met die nuwe “olimpiese groote” ysskaatsbaan (vir my maar net so groot soos die ou een gelyk). Chris, die slinkse mannetjie wat hy is, het elke keer gesorg hy het ten minste ‘n meisie aan elke kant voor hy skielik sy “balans verloor”. En met dit het ons aan die einde gekom van nog ‘n vakansie, nou is dit net swot, werk, leer, huiswerk, take, toetse....aaaargghhhhh! Sterkte met dit alles!

Lekker bly!

---

## VOETSPoor

Die horlosie stap weer aan en die winter het al sy eerste koue vingers uitgesteek. Nie ‘n baie lekker gebeurtenis as ‘n mens vroeg uit die bed uit moet klim nie om te gaan werk of te gaan swot nie. Maar nou ja, dit is seker ook nie die ergste nie. Maar voetspoor het darem nog nie koue voete gekry nie. Kon darem nog hier en daar ‘n bietjie rondsluip.

Die jeug was al weer baie aktief gewees, veral die twee lang naweke. ‘n Klomp jeug het gaan kuier by Acko en Nini van der Sluis op hul plaas. Dit was baie lekker en daar is tot laat gekuier. Daar was selfs ‘n paar dapperses wat die aandkoue aangedurf het en ‘n end gaan stap het.

Die volgende naweek het ‘n klomp jeug Drakie die Drakensberg aangedurf. Hulle het naamlik by Giant’s Castle gaan stap. Voetspoor kon ongelukkig nie self sy spore daar agterlaat nie, maar het uit betroubare

bronne gehoor dat dit ‘n groot sukses was. “Vir herhaling vatbaar”, was die algemene opinie.

Die evangelisasiekursus staan ook intussen einde se kant toe. Mendel Retief het onder andere gepraat oor hoe ons evangelisasie in die praktyk moet beoefen. Vir baie van ons jeug het hy ons oë meer oop gemaak en nuwe idees gegee.

Die sportveld het ook sy tol geëis. Irma Boon het haar ligamente geskeur tydens ‘n netbalwedstryd en moes vir ‘n hele paar weke met ‘n gips been rondhop, maar gelukkig gaan dit nou al baie beter. Erik de Vries het sy been gebreek tydens ‘n rugbywedstryd. Gelukkig gaan dit al baie beter met hom. Hoop julle twee herstel gou-gou.

As julle die Olielamp lees is die eksamen al op ons. Baie sterkte aan almal wat skryf en ek hoop dat dit

baie goed met julle sal gaan. En onthou, dat alles wat jy insit jy ook sal uithaal. En na die eksamen is die vakansie waarin ons almal lekker kan uitrus.

Voetspoor het al so 'n bietjie agter die kongres skerms rondgesluis en sover lyk dit baie belowend.

Daar word al baie hard gewerk en voetspoor is die eerste persoon wat sy naam gaan opgee om kongres toe te gaan. Sommer môre al.

Wel, dis al van my kant af. Tot volgende keer. En onthou om die blink kant bo te hou.

Voetspoor

---

## VGK-JEUG IN SPRINGS MAAK KENNIS

Ons is dankbaar om nou deel te mag wees van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Ons is ook dankbaar vir die besoek wat ons reeds van die VGK-jeug uit Pretoria ontvang het. Ons het gehoor van die jaarlikse jeugkongres aan die einde van die jaar en sal dit graag wil bywoon.

Ons wil die redaksie van die Olielamp bedank vir die gratis kopieë wat ons ontvang het – ons sal graag ook daarop wil inteken. Ons is maar 'n klein groepie jeug in Springs en het geen georganiseerde

jeugvereniging nie. Ons hoop wel om iets daaromtrent te doen. Intussen sal ons graag by aktiwiteite van ons sustersgemeentes inskakel.

Dit is ons begeerte om saam met al die VGK-jeug te groei in geloof en liefde. Dankie vir julle belangstelling en vriendskap.

Groete.

Die jeug van Springs

---

## LEWE VAN 'N KARIBIBBER

Ek wil graag my lewe as christen deel met julle wat in Pretoria of waar ook al sit. Ek gaan nou vir my elfde maand van my twee jaar kontrak en het besluit dat ek nie sal omgee om vir die res van my lewe hier te bly nie. Nie dat ek in elk geval hier sal bly nie, want die myn maak in 2005 toe en daarby het ek 'n klomp ander planne ook.

Maar dis nie my eintlike verhaal nie, hierdie verhaal gaan rondom die kerk en christen-wees in Karibib. Ek het hiernatoe gekom met die wete dat hier nie 'n VGK is nie, maar met die besluit dat dit 'n goeie skuif vir my beroep sal wees (vir die wat nie weet nie, ek is 'n ingenieurs geoloog). Ek het 'n keuse gehad – ek kon in Johannesburg bly werk het, maar dan sou ek nie ervaring opgedoen het om fisies op 'n myn te werk en te weet wat agter die skerms gebeur – wat tog ook belangrik is om te weet sou ek dit nog ver in die tipe wêreld wil bring. Die enigste kerk wat hier in Karibib is, is die NG-gemeente (met so 10 aktiewe lewe – menende so ongeveer 10 mense wat gereeld kerk toe gaan) en 'n paar charismatiese groepe waar ek in elk geval nog minder tuisvoel.

Ek gaan dus elke Sondagoggend 8:00 na die diens en het verder deur die week geen ander kerklike aktiwiteite nie. Laasjaar het ons begin met 'n Bybelstudie, maar weens werksomstandighede en die afstand tussen Karibib en Okahandja (waar ons predikant bly) het dit doodgeloop. Hierdie jaar het ek begin met Sondagskoolklasse gee vir graad 4's en vind dit baie verykend. Al is dit net 'n halfuur na die diens en vir net twee kinders, kan ek tog 'n deel

bydra in die gemeente hier. En vandag het ek selfs begin om weer orrel te speel in die kerk (al is dit 'n traporreltjie en maak ek nog steeds baie foute – at least waardeer die mense dit omdat daar niemand anders is wat dit kan doen nie). Tog mis ek al die aktiwiteite wat daar in Pretoria is – die jeugverenigings, die kerkkoor, die studente-vereniging wat begin het nadat ek klaargemaak het, die aktiwiteite wat die evangelisasie kommissie aangebied het, ens.

Maar aan die ander kant, as ek aan my lewe in Pretoria terugdink, het nooit die tyd of lus gehad het om goed te doen nie, of wou allerhande dinge aanpak, maar kon nooit die mense entoesiasies genoeg kry nie, of het sommer al moed opgegee nog voor ek ooit met iets begin, en dank God dat ek nou op 'n plek is waar ek die tyd en die lus het om my talente verder te ontwikkel. En ook dat ek aan die mense hier 'n ietsie van die rykdom wat ek deur my opvoeding in Pretoria saamgekry het, te kan oordra. Om te wys dat christen-wees in hierdie wêreld nie 'n las is nie, maar dat jy as christen net soveel die lewe kan geniet as enige iemand anders.

Met al die positiewe ervarings wil ek niemand aanmoedig om sommer net na enige plek te verhuis nie – die ervaring kan baie negatief wees ook, maar om die saak goed te oordink. Elke keer wat ek Pretoria toe gaan, besef ek ook weer watter rykdom ek daar gehad het, en mis ek dit ook. Maar dan wonder ek net by myself - VGK'ers, besef julle die rykdom van julle wêreld? Waardeer julle dit

genoeg? En dit wat my grootste bekommernis is – vertel en wys julle dit genoeg aan die mense buitekant die VGK? Dit is altyd baie maklik om ‘n christen in jou eie vriendekring te wees waar almal dieselfde dink en voel, maar om dit regtig daar tussen jou universiteits/kollege vriende of vriende by die

werk te wees, is ‘n ander storie. En dis hier waar ons jammer genoeg gewoonlik faal...

Maar ek hoop dat die artikel jou laat besef dat nie stil kan bly nie, maar dat die lig van Christus in hierdie wêreld moet skyn – ook deur jou...

## Boeke

### ‘N STEM IN DIE WIND - FRANCINE RIVERS

Wilma Lubbinge


'n Jong vrou se soeke na waarheid en hoop in 'n wêreld vol leuens en wanhoop.

Hierdie boek vorm die eerste deel van 'n reeks boeke wat afspeel in die eerste dekades na Christus se hemelvaart.

Die verhaal begin aanvanklik in drie verskillende milieu's. Die eerste is Jerusalem se verwoesting, die vernietiging van die tempel en die doodmaak van al die inwoners. Dis dan ook hier waar ons die hoofkarakter - Hadassa - ontmoet. Nadat al haar familie vermoor is word sy na Rome weggevoer om as slaaf te verkoop te word of vir die leus gegooi te word.

Dan spring die skryfster na Germanië toe, ook hier is die Romeine besig om volke te oorweldig. In die woude veg Atretes te vergeefs om sy stam se selfstandigheid te behou. Ook hy word na Rome weggevoer om as gladiator opgelei te word.

Hierna beweeg die verhaal na die sentrum van elke Romein se bestaan nl. Rome. Die magtige stad met sy skrilte kontras tussen ryk en arm. Waar niemand seker is van sy lewe nie, daarom volg die mense die losbandige leuse: Eet en drink, word dronk want môre leef ons dalk nie meer nie. Die gladiators vermaak die skare en wakker hulle bloedlus aan... En so staan Rome en vrot op haar fundamente. Die fokus val op die Valerian gesin - 'n hardwerkende vader



wat as rykhandelaar sy deel gebring het om Rome op te bou, 'n godsdienstige moeder wat elke dag getrou tot haar gode bid, die egoïstiese rykmansseun, die bederfde dogter.

Stadig ontvou die verhaal en vorm dit 'n ontstellende realistiese beeld van die lewe ongeveer 1900 jaar terug. Die wêreld se onverdraagsaamheid teen oor die Christene. Dit gee jou 'n beter idee

hoe moeilik dit was vir Petrus, Johannes, Paulus en alle gelowiges om werklik as Christene te lewe.

Hadassa se karakter is tydloos en is vandag steeds van toepassing. Deur haar leer ons wat dit werklik van jou kan vra om jou geloof uit te leef.

'n Roman met die volgende epiloog:

*Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer,  
vir dié wat op sy mag vertrou om hulle van die dood  
te red  
en hulle in die lewe te hou ...  
Psalm 33:18-19*

Beskikbaar by die Mediateek.

### DIE GRAFTE JUBEL - ESTA STEYN

Bladsy 7: 'Daar was eendag 'n vrou wat gedink het sy ken die Here. Sy het Sondae in die kerk saam met die gemeente die geloofsbelydenis hardop gesê soos 'n rympte. Sy het nagmaal gebruik, die brood geëet en die wyn gedrink. Sy het Kinderkrans gehou en vir die kindertjies van Liewe Jesus vertel. .... Die vrou het aanvaar dat Christus vir haar aan die kruis gesterf het en dat Hy weer opgestaan het en dat Hy ewig lewe. Al wat jy hoef te doen om Christen te wees, is om die feit te aanvaar.'



Bladsy 9: 'Wanneer daar honger mense voor haar deur gestaan het, het sy vir hulle koffie en brood gegee en gedink dat sy darem nou regtig 'n oulike Christen is wat die Here dien, want Hy sê mos alles wat jy doen aan die geringstes, doen jy vir Hom. En dan was sy bly dat sy brood en koffie vir die Here gegee het. En wanneer die bedelaar wegstap, het sy vir die Here gesê: "Kyk tog verder self na hierdie man en ontferm U oor hom." Sy het nie die vaagste benul gehad van hoe die Here se ontferming werklik lyk nie.'

Dit is maar slegs die begin van die eerlike en ontroerende boek van 'n ma wat 'n kind aan die dood moes afstaan. Die sielestryd waardeur sy moes

gaan, die pad na die kerkhofkraan waar sy eers wêrklik die Tuinier leer ken het.

Die boek is 'n moet om te lees, dit help om ander se smart te verstaan, ook om jouself daarop voor te berei. En as jy self die verlies ken, sal dié boek salf op die wonde wees.

Bladsy 120:

*"My kind, jou seuns is nie hier nie, want Ek het die dood reeds verslaan.*

*Ja, luister hoe jubel die grafte: Mamma! Hy't opgestaan!"*

Beskikbaar by die Mediateek.

**nog iets...**

## KONGRES

Die boesmans het verede week Donderdag, in die reen onder die doringbome gaan sit en plannetjies beraam vir die komende kongres. Twee boesmans het terugvoer gegee oor hul sweftog vir 'n geskikte terrein. En julle sal jul oe nie glo watter mooi hoekie ons gekry het nie! Genoeg heuwels vir skouspelagtige sonsondergange, doringbome om skadu te bied teen die stekerige desemberson, plek vir 'n volleyball baan, vlaktes om bal te skop, genoeg plek om 'n behoorlik bonfire te bou....! Blykbaar selfs 'n groot gat met helderblou water waarin mense rondplas. Gelukkig weet Boesman dat water nie in groot blou gate voorkom nie, en dat dit in uitsonderlike gevalle, soos die legende lui, al uit die lug geval het. Maar Boesman het dit self nog nooit gesien nie en kan dit nie vir waarheid staaf nie.

Verder het Boesman oor die vlaktes getuur en geskikte sprekers sien rond swerf. Met Boesman se koker vol skerp pyle het ons sommer reeds 2 sprekers platgetrek. Jul kan juisself voorstel hoe groot ons vreugde was!! Ons gaan nou weer 'n bietjie wind op agter 'n bult sit en die vlaktes dophou vir verdere geskikte kanidate. Wie weet, miskien sien ons nog vanjaar se kongresouers raak? En die onderwerpe waarmee hulle julle gaan verras op kongres gaan ek 'n ander keer vertel. Wag, hou net 'n oomblik aan... ek gaan gou rooi bessies pluk en platdruk sodat ek

verder met die veer en bessesap kan skryf. Ok, so ja, waar was ons?

Aaa ha! Natuurlik besef die Boesman dat sy span groter is as net die stamhoofde wat die doringboom sittings bywoon. En daarom wil die Boesman al die jeug van die Maranata gemeente gaan help om karre se vensters te was, solank bedank vir die inisiatief. Die kompetisie is om te kyk wie die meeste geld kan insamel, die meisies of seuns? Wel boesman wil nou nie te hard in publiek herinner aan die mooi meisies in ons kerk nie, wat onder andere Marlene, Gerda, Yolanda, Cora, Monika, Bertha, Mirjam, Ria, Janneke, Mitie en nog meer vele insluit (ouens, julle moet maar self kom kyk). In elk geval is Boesman nie partydig nie. So instede sal ek maar net herinner dat julle moet stadig met die water – dis skaars. Verder is julle die oulikste lot ooit, en ons hoop om julle almal later vanjaar by die kongres te sien!!!

Ek gaan die perkament nou vou, want daar is 'n stippel in die verte wat oor die bulte skuiwe en ek vermoed dat dit dalk 'n poshardloper kan wees. Met 'n bietjie geluk kan ek die brief saamstuur stad toe.

Mooi bly julle almal! Ek skryf later weer,  
Die Kongresboesman.

---

## SÊ JOU SÊ...

Daar gaan van hierdie uitgawe af gereeld 'n nuwe afdeling verskyn met die opskrif *Sê jou sê*. In hierdie afdeling gaan 'n paar stellings of spreuke geplaas word. Die stellings is nie noodwendig reg of volgens Christelike standaarde nie. Die doel van hierdie rubriek is om te dink (of filosofer) oor die stellings.

1. Born once, die twice. Born twice, die once.
2. Our purpose on earth is not to get used to the dark but to shine as lights.
3. It's easy to stand with the crowd, it takes courage to stand alone.
4. Our value is not in what we own but to whom we belong.
5. Our true character is revealed in the unguarded moment.

Karina Smit

Enige reaksie op die stellings is natuurlik baie welkom. Die stellings kan ook gebruik word vir die skryf van 'n artikel. Neem die vrymoedigheid om jou idees met die ander lesers te deel. Dus voel vry om daarmee te maak wat jy wil (met 'n Christelike verantwoordelikheid, natuurlik!) en geniet dit!

# GEDIG: LITTLE SHIP

Marjan Middeljans

Die lewe het sy maklike en moeilike tye.  
Gedurende die moeilike tye sukkel ons soms  
om God se Hand in ons lewe te sien. Nogtans  
mag ons verseker wees dat niks ons van sy  
liefde sal skei nie. Nee, God is altyd by ons,  
Hy beskerm en bewaar ons. Hy maak ons ook  
oorwinnaars, soos Paulus skryf “Maar in al  
hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur  
Hom wat ons liefgehad het” (Rom. 8:37).  
Die volgende gedig getuig van God se  
beskermende Hand


## Little Ship

A tiny little ship  
On a dark, dark sea  
Sailing on with silver wings:  
God's mercy

Suddenly the lightning strikes  
And waves begin to grow  
The icy wind howls  
And the little ship goes to and fro

Then all is calm  
And the little ship  
Unscathed

Sails away in the full  
gleam of God's glory



## VERJAARSDAE

### Bethal

Charl Coetzee 7-Jun  
Toinette Coetzee 23-Jun

### Johannesburg

Riekert van Lith 2-Jul  
Esther Kuyvenhoven 21-Jul  
Maryna Bijker 22-Jul

### Kaapstad

Marcel du Plessis 19-Jun  
Frans Geleijnse 30-Jun  
Antionette Raimond 1-Jul  
Marc Douma 6-Jul

### Maranata

Clarisse van den Bout 2-Jun  
Marlene de Vente 5-Jun

Hein de Jager 6-Jun  
Marie-Louise van den Bout 14-Jun  
Johannes Kerkhoff 27-Jun  
Gys van der Meulen 4-Jul

### Pretoria

Aliena Miske 9-Jun  
Cornelis Kleyn 9-Jun  
Marius Bijker 9-Jun  
Henriette Ros 16-Jun  
Charlene Danielz 23-Jun  
Gerbrand Klapwijk 30-Jun  
Martyn Ros 1-Jul  
Gerhard Bijker 5-Jul  
Lientjie de Jager 10-Jul  
Marlies Kleyn 17-Jul  
Tineke Hagg 28-Jul  
Jean Goodey 31-Jul